# Goudini Nuus

**14 Julie 2020**


**Koninkrykstyd**


## In hierdie week se nuus:


- Die Here praat deur sy Woord— Wie is reg en verkeerd? — bl. 1-2
- Ons bid vir ons mense — bl. 3
- Groen Christen— Mors ons tyd? — bl. 3
- Saam met God—Verbeeldingsgebed—bl. 4
- Aanlyn Bybelstudie— Die boek Daniël—bl. 5
- Blikkieskos en maskers projek—bl. 6
- Dankbaarheidshalfmarathon—bl. 7
- Komende Sondag— bl. 8
- Iets aan die ligte kant — Ek wil 'n dominee word— bl. 8


## God praat deur sy Woord: Wie is reg en verkeerd? Wie het morele hoë grond?

***Jakobus 1:2-8***







*Most people are other people. Their thoughts are someone else's opinions, their lives a mimicry, their passions a quotation…* (Oscar Wilde)


Jakobus skryf aan geloofsgemeenskappe in konflik. Hulle morele kodes bots. Sommige sê: "dis reg!", terwyl ander sê: "Nee, dis nie reg nie!" "Dis sonde," skree sommige, ander sê weer: "Nee, dit is nie!" Hoe nou gemaak? Kan hulle die konflik te bowe kom? "Ja!" antwoord Jakobus. "Gaan jy vir ons sê wie is reg en wie is verkeerd, Jakobus? Wie se morele kode is nou "eg Christelik"?

Jakobus kies nie kant nie. Hy gee wel vir hulle die volgende advies: Bid vir wysheid! (1:5). En hierdie stukkie advies moet almal ter harte neem, want geen gelowige se morele kode (godsdienstige kompas) is "volledig" nie. Om vir wysheid te bid beteken dat ons daardeur erken dat ons nie alles weet nie en dat ons almal maar sake vanuit 'n spesifieke hoek bekyk. Dink so daaraan: Indien jy reeds alles weet, en vol vertroue is dat jy presies kan bepaal wanneer iets reg of verkeerd is, waarom sal jy dan hoegenaamd nog vir wysheid wil bid? Jy het dan reeds al die antwoorde!

Dit is nodig om maar gedurig vir jouself te gaan afvra hoekom jy sê iets is reg of iets is verkeerd. 'n "Sommer maar net" of "dit was nog altyd so" of "dit is maar net hoe dit moet wees" is nie genoegsaam nie. Ons almal het maar "blinde kolle" in die geloof wat maak dat ons dikwels, wanneer ons van mekaar verskil, nie die volle prentjie raaksien nie (maar eerder in 'n dowwe spieël staar (1 Kor. 13)). ***...vlg. bl. 2...***







## Sondag erediens vervolg...

En dat ons siening van reg en verkeerd dikwels bloot die "na-praat" van iemand anders se siening op die saak is, sonder dat 'n mens werklik self krities en deeglik daaroor gaan nadink het. Die punt is: Ons almal bly maar ons lewe lank studente van die lewe. Om verkeerd bewys te word of anders oor 'n saak te begin dink is nie 'n skande nie, maar juis 'n teken dat jy leerbaar is en gelowig (dink aan verlede week se gesprek!) vir wysheid van bo bid (v.6)!

'n Wyse mens is nie iemand wat alles weet of dink hy/sy is altyd reg nie. 'n Wyse mens bly maar alte bewus van die feit dat God se wysheid hom of haar altyd 'n stappie voor is. Daarom moet ons geduldig na mekaar luister en besef dat as dit kom by "reg" of "verkeerd", ons almal van die wysheid van bo afhanklik is.

Dit laat my dink aan die volgende woorde wat ek êrens sou raaklees:

Hy wat weet dat hy niks van God weet nie, ken God dalk die beste…

***WP***


## Gebed vir die week

**Luister na 'n lied**

As jy tyd het, maak toe jou deur, sit oorfone in en luister na hierdie pragtige lied.

https://music.youtube.com/watch?v=t0jmPam4ymA&feature=share

Hier is sommer 'n gebed wat my hierdie week getref het. Kom ons dank die Here vir elke dag, want dit is die dag deur die Heer gemaak. Kom ons wees bly en verheug ons daaroor.



If comparison is the thief of joy, then Lord, help me to not compare my life today to my life 6 months ago. Help me find the joy in THIS life, and in THIS day and to know that it is from you, and it is enough. Amen.

-Nadia Bolz-Weber



*Om vir ander te bid is om vir 'n oomblik van jouself te vergeet en met jou hele hart jouself in iemand anders se skoene te plaas en saam met daardie persoon te voel. Want as een lid van die liggaam ly, dan ly die hele liggaam.*

## Ons bid vir ons mense

***Familie van Pieter Hugo***

Ons innige simpatie aan Rene, Pietman, Lauwrie, Jacques, Du Toit en Leon en hul gesinne met die heengaan van Pieter Hugo. Hy is Saterdagoggend vroeg oorlede na hy 'n paar dae in die hospitaal was. Hy was 'n jarelange en baie bekende inwoner van Slanghoek en die Breedevallei en sal baie gemis word. Hy laat 'n groot familie agter wat vir hom baie lief was. Ons bid dat die Here se krag en vertroosting hulle sal dra in hierdie moeilike tyd.
Sy troosdiens sal Donderdag om 10:00 deur WP gelei word en sal regstreeks uitgesaai word via Youtube so jy is welkom om in te skakel as jy die diens wil volg.

***Mari van der Merwe***

Tannie Mari is daar in HLM. Sy het tot 'n paar maande gelede nog in die woonstelle gebly, maar moes weens gesondheid binnekant toe skuif. Sy het beenkanker en kan nie meer loop nie. Sy het ook onlangs haar arm gebreek. Tans is sy in die noodkamer in HLM. Tog bly sy positief en hoopvol, vol vertroue in die Here. Ons bid vir haar dat die arm mooi sal herstel en dat sy krag sal bly ontvang gedurende hierdie stryd met die kanker.




## Groen Christen: Mors ons tyd deur om te gee vir die skepping?

In Kerkbode is daar 'n berig waar oor 'n predikant in Pretoria, ds. Fay van Eeden, wat baie moeite doen om mense te oortuig om minder plastiek te gebruik. Onderaan die berig op die internet lewer iemand toe kommentaar wat basies daarop neerkom dat hy dit interessant vind dat dominees tyd mors op goed soos plastiekbesoedeling terwyl lidmate sukkel met finansiële probleme en misdaad.
Dit het my weer nuut laat dink oor hierdie saak en die vraag laat afvra: Moet ons nie maar ophou bekommer oor die besoedeling en vernietiging van die skepping nie? Is dit nie inderdaad net 'n mors van tyd wat beter bestee kan word aan ander dinge nie?
Die probleem wat vir my uitstaan is dat 'n mens nie die goed teenoor mekaar stel kan nie. Want die skepping is waaruit ons leef. Waar sal ons water vandaan kry as al die waterbronne so besoedel is dat ons dit nie meer kan gebruik nie? Hoe gaan landbou moontlik wees? Vis en ander organismes wat in die water leef is die bron van voedsel en inkomste vir miljoene mense. Waarvan gaan hulle leef as alles uitgewis is omdat al die waterbronne vol plastiek en ander gemors is?
Mense wat ons land besoek weens die natuurskoon is 'n belangrike deel van baie mense se inkomste in ons land. Waarvan gaan hierdie mense leef as al ons land se natuurskoon nie meer so skoon is nie en niemand dit meer wil besoek nie?
Om omgee vir die skepping teenoor mense se welstand te wil stel is dus uiters kortsigtig. Op die kort termyn mag dit dalk lyk na tydmors om om te gee vir die skepping, maar eers wanneer dit te laat is gaan ons besef die mens kan nie geld eet nie. God het die natuur vir die mens as gawe gegee sodat ons daaruit kan leef. Kom ons pas dit op.
Volgende week vertel ek jou van 'n unieke en kritiek bedreigde plantspesie wat net by Worcester voorkom en wat nou in blom is.



# Saam met God



Een van die gebedsgebruike wat ook deur Ignatius aangemoedig is, is die gebruik van die verbeelding in gebed. Dit word ook kontemplatiewe gebed genoem, maar verskil van ander vorme van kontemplatiewe gebed deurdat dit nie die "leegmaak" van die gedagtes behels nie, maar juis gaan oor die vul van gedagtes met beelde en ervarings van God. Byvoorbeeld deur te dink hoe sou spesifieke mense met God interaksie gehad het, of om deel te word van gebeure en gesprekke met God.

Die Skrif word as basis gebruik in die soort gebed en veral die evangelies se inhoud kan hier maklik gebruik word. Dink byvoorbeeld aan die verhaal van blinde Bartimeus in Markus 10. Jy sou die hele gedeelte in jou gedagtes soos 'n fliek kon skep, hoe dit lyk en ruik en voel op die pad uit Jerigo. Hoe die mense lyk en of die son skyn. En dan om vir Bartimeus raak te sien en om jouself te sien as 'n deelnemer in die storie – dalk een van die skare of dissipels. Sien hoe die skare reageer en hoe Jesus optree. Die kyk in sy oë, die uitdrukking op sy gesig, die woorde wat hy gesê het en wat hy gedoen het. Luister na Jesus se vraag: "Wat kan ek vir jou doen?" Hoor Bartimeus se antwoord. Sien wat Jesus doen. Kyk hoe almal in die storie reageer. Die uitnodiging van die soort gebed is om dan tyd te maak om met Jesus te praat oor wat jy gesien, gehoor en ervaar het; Wat jy ontdek het en ook van jouself dalk raak gesien het. Dalk kan jy hoor hoe God ook vir jou vra: "Wat kan ek vir jou doen?"

Die verhaal van die vrou in Markus 5 wat aan bloedvloeiing gely het, het my 'n paar weke terug so getref; om te kon raaksien hoe Jesus die hele skare laat stop het om die vrou te help, 'n vrou wat eintlik ongesiens wou raak aan Hom. Wat is Jesus bereid om te doen om my te help, na my te luister en te wys dat Hy my raaksien? Die verhaal van die verlore seun is ook een van gunstelinge en telkemale is dit die Pa se reaksie in die storie wat my hart raak as ek besef dis ook my en God se storie – ek wat wegloop en God wat my inwag. Nog 'n besonderse verhaal is die van die verlamde man by Betesda in Johannes 5 wat homself nie kan help nie, maar Jesus wat by Hom kom staan in sy omstandighede. Die gebedservarings laat my opnuut iets van God se genade en liefde ontdek, omdat ek op 'n manier deel is van die storie, is dit asof ek iets meer ervaar en raaksien van hoe Hy mense hanteer, tyd het vir mense en na hul luister en help.

Die doel van die soort gebed is om nie net te dink oor Jesus nie, maar om Jesus te ervaar. Om Jesus as't ware te ontmoet en te leer ken op 'n unieke en persoonlike manier. Om soos die mense in die Samaritaanse dorpie in Johannes se evangelie te kan sê: "Ons ken Hom nou self en nie meer op grond van iemand anders se woorde nie." Jesus is meer as net 'n historiese figuur in 'n boek, Hy is 'n Lewende Persoon - naby, betrokke en bekend met ons hele lewe. Die uiteinde van die gebedservaring is ons gesprek met God - om met God te praat soos met 'n vriend, oor ons lewe, gedagtes en gevoelens. 'n Vriend wat luister maar wat ook met ons gesels en na wie ons luister.

Vir sommige is dié soort gebed maklik, maar vir ander dalk meer uitdagend – maar soos John Chapman sê: "*Pray as you can, not as you can't. Take yourself as you find yourself and start from that.*" Wees gerus - God sal met jou praat of dit deur jou herinnerings, ervarings, gedagtes, intellek of emosies of verbeelding is. God het ons geskep vir verhouding en wil met ons praat – elkeen op sy unieke manier. Maak jy maar net die tyd, om vir God tyd met jou te gee.

***Theresa***


## Die boek Daniël




Ek plaas hierdie uitnodiging nog 'n keer vir ingeval jy belangstel om deel te neem aan 'n Bybelstudie oor die boek Daniël.

Ons begin komende Woensdagaand met 'n inleidende Zoom gesprek.

Daniël is 'n fassinerende boek en gaan oor veel meer as net 'n man wat uit 'n leeukuil gered is deur 'n engel van die Here. Daniël word gereken onder die profete. Het jy al ooit die boek deurgelees? Doen dit sommer hierdie week nog.



Ons gaan grootliks op dieselfde manier te werk gaan as met die Openbaring Bybelskool. Die groot verskil is dat ons oor 'n langer tydperk sal aangaan en kleiner stukke hanteer. Hierdie sal dus meer in die vorm van 'n Bybelstudie as 'n Bybelskool wees.
Ons gaan dit dus op die volgende manier hanteer:

- ***Weeklikse video:*** Daar sal weer teen elke Dinsdag op die laatste 'n video op Youtube wees wat jy vooraf kan kyk. Ek sal dit egter vroeër probeer beskikbaar maak om jou meer tyd te gee om dit te kyk. Dit sal 'n kort video van maksimum 15 minute wees. Dit sal op die meeste een hoofstuk van Daniël dek. Die eerste video sal die week van 20 Julie beskikbaar wees.
- ***Aanlyn gesprek:*** Daar sal dan Woensdagaande 18:30-19:30 'n aanlyn gesprek wees. Ons sal van 'n ander platform as Zoom gebruik maak omdat Zoom 'n mens net 40 minute gratis bied. Ek sal daardie inligting op die Whatsapp groep deurgee. Indien jy wil deelneem en nie op die Openbaring Whatsapp groep is nie, stuur asseblief vir my 'n Whatsapp na 0741259327 dan voeg ek jou by. Gee my ook asseblief jou eposadres.
- ***Inleidende gesprek:*** Ons begin amptelik op Woensdag 15 Julie met 'n inleidende gesprek via die aanlyn platform. Lees solank die boek Daniël deur as jy wil deelneem.

***Wie is welkom?*** Letterlik enige persoon. Nooi asseblief vriende en familie al is hulle nie in ons gemeente of in ons dorp nie. Enige persoon wat sal belangstel in 'n aanlyn Bybelstudie is welkom om in te skakel. Hierdie is geensins eksklusief nie.
Moet asseblief nie skaam wees om deel te neem aan die aanlyn gesprekke nie. Dit is 'n heerlike geleentheid om ander mense in die oë te kyk en jou vrae te vra. Dit is iets om aan gewoond te raak, maar as jy eers daaraan gewoond is, sal jy dit baie geniet.

Ons vertrou die Here wil elkeen ook hierin seën met 'n dieper kennis van sy Woord.

## Ons gee om vir God se mense—die nood raak al groter




Omstandighede in ons land raak al moeiliker soos die inperking voortsleep. Die toenemende vlakke van misdaad in ons dorp is 'n aanduiding van hoe mense begin swaar kry en desperaat raak. Bly asseblief veilig en moenie kanse vat nie.

Maar ons moet ook help waar ons kan om hierdie situasie te verlig. Daarom gaan ons omgeeprojek voort en ons wil steeds vra dat jy sal bydra indien enigsins moontlik.

Daarmee saam gaan die sopkombuise ook voort en word gevra vir sop produkte soos bone, vars groente, pakkies sop en sopbene.

Dankie aan almal wat so getrou gee uit wat hulle het. Ons weet almal doen hulle bes in baie moeilik omstandighede.

Onthou Jesus se woorde: Dis meer geseënd om te gee as om te ontvang.

Laat ons dan ook nie ophou bid vir mense in nood nie.




### Maskers vir almal

Die masker projek gaan ook steeds voort. Die regering raak al strenger oor die dra van maskers en met reg ook so, want dis die beste manier om jouself teen die virus te beskerm.

Ons weet die privaat kleuterskole het gister oopgemaak en dit bring mee dat baie kinders wat tot nou toe nog nie regtig maskers benodig het nie wel maskers gaan moet kry. Dis verpligtend by die skole om maskers te dra. Daarom gaan die projek nou ernstig fokus op plaasskole.

Lap, hetsy ou lakens of katoen materiaal en rek is ook welkom en kan by die slaghuis afgegee word.

Baie dankie ook vir elkeen se ondersteuning in hierdie verband.

## Wyk G fondsinsameling—Dankbaarheidshalfmarathon

En daar doen tannie Elize dit sowaar! Sy stap op die ouderdom van 70 'n volle 21km binne 3 ure. Dit wil gedoen wees! Ons is trots op haar. Maar soos sy self gesê het, sy wil nie die eer kry nie. Dit gaan alles oor die eer en verheerliking van die Here. Dis Hy wat haar die vermoë gegee het om dit te kan doen. En dis inderdaad so. Tannie Elize het immers al soveel struikelblokke in haar lewe beleef. Sy het al haar ligamente geskeur. Sy het knieoperasies ondergaan. Sy het artritis. En bo dit alles sukkel sy met asma. Tog kon sy iets soos hierdie regkry.

Die vraag is: wat is jou verskoning om nie die wonderlike gawes wat die Here jou gegee het voluit te gebruik tot sy eer nie?

Dankie aan elkeen wat haar ondersteun het. WP het die 21km gedraf en daar was 'n paar mense wat twee waterpunte bedien het. Dankie ook aan elkeen wat bygedra het tot die fondsinsameling. Daar het 'n stewige bedrag ingekom. Tannie Elize het groot waardering vir almal. Vir my was dit heerlik om weer binne die lockdown die gemeenskap van gelowiges so in aksie te kon sien. Dis heerlik om kerk te kan wees! Die gebou is dalk toe, maar die kerk is wyd oop.
















## Komende naweek



Sondag is WP weer aan die beurt want ek is weg die naweek (Jean-Mari se oom is oorlede en ek doen sy roudiens die naweek in Klerksdorp).

Ek hoor nou al daar is gemeentes wat inry eredienste doen en sommige laat selfs die karre in die kerkgebou in ry soos in die foto op regs (dis 'n NG gemeente aan die Wesrand van Gauteng). Ons sal egter vir nou nog voortgaan met die regstreekse uitsendings want ons kerk se deure is te klein.



Ek wil jou tog weer aanmoedig om tuis erns te maak met jou kinders se geloofsopvoeding. Theresa doen die kindermoment en werk die inhoud vir die huisgeloof uit, maar uiteindelik is dit ons verantwoordelikheid as ouers om self ons kinders in die geloof op te voed.

## Iets aan die ligte kant— Ek wil 'n dominee word



Een Maandagoggend kom Pietie by sy ma.

"Mamma," sê hy, "ek het besluit as ek eendag groot is wil ek 'n dominee word."

Mamma is uit die veld geslaan: "Sjoe my kind, dis nogal 'n groot ding om te besluit, maar mamma is baie trots op jou. Onthou, dis nie 'n maklike beroep nie en jy word maar min betaal. As jy egter voel jy het 'n roeping om dit te doen, dan is dit wat jy moet doen. Ek en pappa sal jou daarin ondersteun."

"Dankie mamma," sê Pietie, draai om en begin deur toe stap, maar sy ma roep hom terug.

"Sê my gou eers, was dit iets wat die dominee gister in die kerk gesê het wat jou finaal laat besluit het jy wil 'n dominee word?"

"Nee mamma," antwoord Pietie. "Maar toe ons gister so in die kerk sit, toe dink ek by myself: dit moet darem baie lekkerder wees om daar voor te staan en skree as om elke Sondag vir 'n uur lank verveeld in hierdie harde banke te sit."




***"Like" asb. die gemeente se Facebook-blad by** fb.me/NGKGoudini **om ook daar saam te gesels en die daaglikse psalm saam te lees.***

***Ons gemeente se webblad is nou aktief:** **https://ngkgoudini.wixsite.com/webtuiste**. **Loer gerus daar in.***

***Youtube:** https://www.youtube.com/channel/UCXfAn4r3CdjSJ9NJPjgC_sg **of soek vir "NG Goudini Rawsonville" op Youtube. Daar is 'n foto van die kerkgebou.***

***As jy belangstel in nuus vanaf die Wes-Kaap Sinode, "like" ook die Sinode se blad:** https://www.facebook.com/NGWesSuidKaap/ .*



## Mag die oorvloedige genade van die Here jou omvou in hierdie week.

**Groete in Christus**

**Rudolph**